KERKE- NUUS—3 Nov. 2013

Ds. Jan du Plessis, tans predikant van die Gerf kerke Tsumeb en Grootfontein se eggenote Annatjie is die afgelope week oorlede. Ons bid hom en die familie die troos van die Heilige Gees toe.

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is **muriel@muriel.co.za.** Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan…

TINKTINKIETAAL VAN TOTIUS–deur wyle prof. PW Buys (6) *vervolg van verlede week* (Uit HANDHAAF Maart 1977)

In 1911 het hy 'n lesing met die titel "De dichter als ziener" voor die Akademie vir Taal en Lettere gelewer. 'n Mens sou dit kon noem sy literêre geloofsbelydenis. Hy haal die blinde Milton aan: *So much the rather thou, /Celestial Light, /Shine inward, and the mind /through all her powers /irradiate, there plant eyes: all mist from thence/ Purge and disperse: that I/ might see and fell/ Of things invisible to mortal sight* Dan verklaar hy: "Dit is nu wat in de dichter zoek: arendsogen, zoeklichten, X-stralen, die boren in de geheimzinnigheid van de binnekameren ... Ziener zijn bij de gratie Gods - ik heb de ware dichter genoemd! Hij zal kloppen en het zal opengaan, hij zal vinden wet anderen zoeken, hij zal de **forma** vorm en schoonheid ontdekken die schuilt achter het anders ondoorschijnend zichtbare ... Wie niet gezien heeft, ken niet dichten, ook al stapelt hij de woorden torenhoog, ook al imponeert en overweldigt hij... Heart en overweldigt hij ... " Dis die taak van die digter om ander die skille van die oë to laat afval sodat hulle ook sal sien wat hy gesien het en geniet wat hy geniet. Digkuns is **siening** En dis nie ter wille van die genot in die eerste plek nie, dis "een voornaamste stuk der dankbaarheid jegens Hem Die alles zo schoon heeft gemaakt".

Siener to wees by die grasie van God. Daarvoor is Totius toegerus met 'n siensersblik wat veel dieper as die sigbare werklikheid gekyk het. Hier raak 'n mens aan 'n heel belangrike aspek (miskien die belangrikste?) van Totius se wese en werk – poësie inkluis. Dis moeilik formuleerbaar, maar ek sou dit wou tipeer as sy metafisiese, bosinnelike aanleg. Die gawe om die Onsienlike te sien.

Dit het soms heel sterk in sy preke, toesprake en klaslesings tot openbaring gekom. In die ou kerk op Potchefstroom was dit vir hom 'n worsteling om met sy fluweelsagte stem (wat hom in sy poging om hom hoorbaar te maak, skor deurgeslaan het) die Blye Boodskap oor te dra te midde van die nimmereindigende weerklank wat die gewelwe van die statige ou gebou met sy Victoriaanse boustyl gevul het. Maar onder die preek het 'n mens soms gemistifiseer geraak. Dit was soos een van Gezelle se leerlinge opgemerk het: Onder die spreke van die meester was dit asof die ewigheid voor jou oopgegaan het. Sy preke. toesprake, lesings het dikwels dit aan "n mens gedoen: *Word vervolg*

04/11– Jan Grobler 0823363205	09/11– Gerrit Beyneveldt 0760375721
07/11– Chris Putter (jr.) 0832795523	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur*

Baie geluk met u verjaarsdag

Ek dink baiemaal die hele wêreld is onderstebo en dan is dit maar my maag
– CJ Langenhoven

Die Krugertjie

03 November 2013

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Mattheus 13:44-46;
1 Kronieke 4:1-10
Teks: Mattheus 13:44-46;
1 Kronieke 4:9-10
Sing: Ps. 71:1,9; Ps. 119:6,58;
Ps. 102:1,8; Ps. 107:1,11

SKAT IN DIE LAND EN DIE KOSBARE PêREL

Die gelykenisse wat ons hier lees, het met skatte te doen, méér nog, dit het te doen met wat gevind kan word. Dit maak dit besonder want het ons eintlik 'n gelykenis in tweevoud.

Soos die mosterdsaad en suurdeeg-gelykenis saamstaan, so staan hierdie gelykenis ook saam waar die skat in die land en die pêrel wat tog in oorsprong van die see kom, bymekaar moet uitkom. Land en see word een!

KATKISASIE– Katkisasie gaan voort

TWEEDE EREDIENS– (ná katkisasie)
Skriflesing: Hebreërs 1:1-4
Nederlandse Geloofsbelydenis :
Artikel 7
Sing: Ps. 18:14; Ps. 119:36; Ps. 33:2

GOD SE WOORD IS VOLKOME, GESAGVOL EN ONWANKELBAAR

Die Woord wat in oorvloed praat is God se Woord wat volkome is. Daarmee begin art 7 Nederlandse Geloofsbelydenis - **Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word...**

Die werklike hoogtepunt, waar dit alles op neerkom is wat ons in Hebreërs 1 ook lees dat Jesus Christus is die finale stem van God.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
0012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 8 en 10
Ouderlinge: Ulbe de Ronde
Diakens: Nico Venter

Volgende Sondag (10/11) – Wyke 11 en 12
Ouderlinge: Andries du Plessis en Boere Smith
Diakens: Stephan du Plessis en Bernard Vorster

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Sr Ann van der Merwe het die afgelope week 'n galblaasoperasie moes ondergaan. Ons bid haar volkome herstel toe. **Sr Amanda Tromp** het ' n voet-operasie moes ondergaan. Ons vertrou dat dit ook 'n sukses mag wees. **Sr Maria Grobler** is tans nog in Pretoria-Oos hospitaal na haar skild-klier verwyder is. Ons bid haar ook volkome herstel toe. **Br TAP de Beer** wat ook voorverlede week 'n galblaasoperasie ondergaan het , bid ons dat hy na al die baie operasies nou volkome mag herstel. Gelukwense aan **br en sr Lukas en Alicia de Beer** (Schalekamp) wat verlede week in die huwelik bevestig is. Mag hulle huwelik geseënd wees en hulle lank gelukkig saam mag wees. **Br Dries Badenhorst** het teëspoed met sy linker-oog opgetel. Ons gebed is dat hy sy sig in die oog mag behou. Dit gaan met **Ds. Andries Mulder** onder omstandighede weer heelwat beter. Ons hoop dat die herstel bestendig mag word. Ds. Andries se skoondogter **Christa** het weer vir opvolg-besoeke het goed gegaan. Hulle gaan haar nie verder chemo toedien nie, wel nog hormonale behandeling. Sr **Marthie Steyn** bid ons volkome herstel toe **Br Phil van der Merwe** wat weer deur 'n hele proses van kanker-behandeling moes gaan se gesondheid verkeer onder groot druk. Hy is weer tuis maar dit gaan swaar en hy is baie swak. Hy moet DV weer op 5 Des vir verdere behandeling gaan. Ons dink aan hom en sr Nakkie in hierdie swaretyd. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

KOEKIE-PROJEK VIR OUER LIDMATE

Sr Annatjie Badenhorst bestuur die koekie-projek vir ons bejaardes. Al die susters wat kan help bak word versoek om met haar kontak te maak. Soos in die verlede doen ons dan ook weer ''n beroep op almal wat kan bydra om bestanddele of kontant te skenk om die projek vir ons ouer mense moontlik te maak. Sr Annatjie kan gekontak word by 0798874954.

65+ FUNKSIE

Die volgende funksie word beplan vir 16 Nov. 2013 om 10h30. Die tema is dit is storietyd! Dit beloof om soos in die verlede weer iets besonder te wees. As u vervoer benodig skakel 012-3262290.

OOP GESPREK

Saterdag 3 Nov. 2013, vanaf 10h00 wil ons 'n oop gesprek reël waar ons as eerste tema gaan praat oor verassing! Die gedagte is dat die gemeente die Saterdag saamkom en na die tyd eet ons heerlik saam.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Intand-houding
10/11/2013 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Instand-houding Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
14/11	Oudle- vergd
17/11	Voorbereiding
19-20/11	Streeksinode Lyttelton
24/11	Nagmaal en Nabetragting

KONINGSKINDERS-ETE

Ons gemeente is versoek om weer vir die jaarlikse koningskinders-kamp 'n ete te voorsien. Hulle het ons op die lys geplaas vir n middag-ete op Donderdag 12 Des 2013. Almal wat hiermee kan help word gevra om met sr Christine te kontak (0845119620) Dan sal hulle die spyskaart en reëlings kan finaliseer.

ZAMBIë– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die die kerkverband aangegroei tot R102 000.

Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel. http://bit.ly/105wmGY

As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

ETE NÁ NAGMAAL...

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 7

In `n preek oor Luk 13:23-24 vind mens die volgende gedagtes. Matt 20:16 - "baie is geroep, maar min uitverkies." Jode het gedink hulle sal salig word, net omdat hulle nageslag van Abraham is. Hooghartigheid is dan oorsaak dat baie sal uitval uit die genade.

Waar is die nou poort ? Sommiges reken dit is aan die begin van die geloofspad. Hulle verklaar die nou poort as die bekering, of uitbreek uit die duisternis na die lig. Dit is vir hulle dan die wedergeboorte – "die geboortepyne van die nuwe lewe." Ander sien dit as die einde van die lewenspad, met beroep op Luk 13:25, dat geklop sal word en sommiges sal buite gelaat word.

Totius meen dat daar elemente van beide sienings teenwoordig is. Gebrokenheid van hart is al `n nou poort, want die mens moet sy sonde en ellende eers kan bely. Dit is al `n moeilike, noue poort. In die lig van Luk 13 lyk dit tog eerder asof Christus meer op die einde bedoel. Die pad na die poort is steil , "tussen rotsgevaartes deur; daar swaai dit weer ondertoe, verby die dieptes en doodskaduwees." Dit kos stryd om daarop te bly.

Die huidige stryd en swaar word opgeweeg teen die toekomstige geluksaligheid.

Daar is `n teendeel: `n breë, gemaklike pad vol aardse genot. Dit lei tot die verderf, en baie sal daar ingaan.

Wie is die wat die nou poort nie bereik nie ? Paulus praat in Rom 9:32 van bv Israeliete wat nie deur die nou poort sal ingaan nie: "Israel het die wet van geregtigheid nie bereik nie. Waarom ? Omdat dit nie uit die geloof was nie, maar net asof dit uit die werke van die wet was." 2 Tim 2:5 – "As iemand aan `n wedstryd deelneem, word hy nie bekroon as hy nie volgens die reëls gewedywer het nie."

Die oue natuur moet afgesterwe word. Die kleinword voor God mag nie ontbreek nie. Hy wat roep, is egter getrou, Joh 10:9 – "As iemand deur My ingaan, sal hy gered word." Eers aan die lewenseinde "sal ons, meer as ooit, verstaan dat die poort werklik nou is."

7:14 – Die leegheid van die breë pad en die vreeslike einde in die ewige dood word verondersteld, as Jesus sê die smal weg lei na die **lewe.**

7:15-29, pas op – *Uit die volgende woorde lyk dit tog asof Totius meer klem daarop gelê het dat Jesus se woorde op die eindtyd wys: Hy waarsku "vir die komende gerig". Sien verklaring van v 15 hierna.*

7:15, valse profete – Op die breë pad sal die gevaar van die verleiers mense verswelg.

In `n preek oor Openb 13, "die ander dier", verklaar hy die woorde van die valse profeet, dat dit sal wees asof die dier die mense "lieflik en saggies oorreed" dat hy nou die werklike betekenis van die Christelike godsdiens bring. Wel met skaapsklere, maar van binne roofsugtige wolwe. God sal die valsheid brandmerk: "Christelike skyn sonder wese." Die derde trek van die dier sal wees dat hy praat soos `n draak – soos Satan, die vader van die leuen. [In Totius se Versamelde Werke,boek 5, bll 354-361 kan die verklaring ten volle gelees word.]

7:16-18, aan hulle vrugte – Hulle sal nie maklik herken word nie, as gevolg van hulle uiterlike vroomheid en mooi woorde. Kyk na wat hulle wil bereik. Daar is `n steek in wat hulle sê. Gelowiges moet hulle geestelike wysheid gebruik om die dwaalleraars te herken. In leer en lewe sal hulle verskil van ware gelowiges. As die goeie vrugte nie by die valse profete gesien word nie, is dit as gevolg van hulle bose aard.

7:19-20, uitgekap – Hierdie woorde herinner aan Johannes die Doper, wat al gesê het dat die byl teen die wortel lê. In die gelykenisse van die oes wat op die lande is, en in Openbaring, waar gepraat word van die wyn- en die graan-oes, is nog `n beeld gebruik waar gepraat word van die verbranding van wat sleg is (Openb 14:14-20). Baie dikwels word gesê dat die einde van God se vyande in die poel van vuur sal wees.

Daardie bome sal afgekap word, *tensy* daar rede gevind word waarom dit nie moet gebeur nie. Alle mense moes verlore gaan. Jesus se woorde sluit dus in dat daar wel `n weg tot redding is. Sy waarskuwing is om tot bekering en geloof te kom – die nuwe lewe te betree;'; wat God behaag, die lewe wat versier word met die vrugte van God se Gees.

Weer word aangesluit by v 15, dat opgepas moet word vir die valses: ken hulle aan hulle vrugte. Verwerp hulle leiding, soos `n tuinier `n slegte boom sal verwyder.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

31 Okt. 1517—Martin Luther spyker sy 95 stellinge teen kerkdeur vas; *2 Nov. 1804*– Opening van eerste sinode Kaapstad; *3 Nov. 1568*– Konvent van Wezel; *5 Nov. 1837*– Piet Retief kom by Dingaan aan; *6 Nov. 1834*– Potgieter se lyk deur Paul Kruger uitgedra; *7 Nov. 1497*- Vasco de Game kom te St Helenabaai; *7 Nov. 1858*– DsDirk Postma preek vir die eerste keer in ZAR te Buffeldoorns; *8 Nov. 1920*– Dr. Abraham Kuyper oorlede; *8 Nov. 1697*– Stellenbosch word aangelê; *10 Nov. 1482*– Martin Luther gebore; *10 Nov. 1858*– Dirk Postma kom op Rustenburg aan; *10 Nov. 1864*– Oprigting van eerste kerkskool Rustenburg; *12 Nov. 1780*– Piet Retief gebore ; *15 Nov. 1855*– Pretoria word aangelê; *17 Nov. 1497*- Vasco de Gama ontdek die Kaap; *19 Nov. 1857*– Dirk Postma as afgevaardigde na ZAR benoem; *20 Nov. 1841*– Ring van Graaff-Reinet keur die herderlike brief goed; *23 Nov. 1900*- Koningin Wilhelmina verwelkom pres Kruger by sy aankoms in Parys